


Journal of Literary Studies

ISSN: 0256-4718 (Print) 1753-5387 (Online) Journal homepage: www.tandfonline.com/journals/rjls20

# Fokalisasie: 'n Narratologiese besinning

J. Marais

**To cite this article:** J. Marais (1993) Fokalisasie: 'n Narratologiese besinning, Journal of Literary Studies, 9:3-4, 371-383, DOI: 10.1080/02564719308530055

**To link to this article:** https://doi.org/10.1080/02564719308530055

Published online: 06 Jul 2007.

Submit your article to this journal

Article views: 14

View related articles

Full Terms & Conditions of access and use can be found at
https://www.tandfonline.com/action/journalInformation?journalCode=rjls20

# Fokalisasie: 'n Narratologiese besinning

**J. Marais**


## Opsomming

In dié artikel word aangedui dat daar steeds diepliggende verskille tussen eksponente van die fokalisasieteorie bestaan. Dit blyk dat hierdie verskille aan metateoretiese verskille te wyte is. Die artikel stel 'n sintese voor tussen die fokalisasieteorieë van Genette en Bal. Dit word begrond binne 'n narratologiese metateorie wat aan 'n onderskeid van Stanzel ontleen is.



## Summary

It is argued in this article that fundamental differences still exist between exponents of the theory of focalization. It seems that these differences are the result of metatheoretical differences. A synthesis is proposed between Genette and Bal's theories of focalization. This synthesis is based on a narratological metatheory stemming from a basic concept of Stanzel.


## 1 Inleiding

Ongeveer twintig jaar het verloop sedert Genette die term fokalisasie vir die eerste maal gebruik het (Nelles 1990: 365). Ten spyte van die feit dat fokalisasie sedertdien as 'n narratologiese konsep gevestig geraak het, bestaan daar steeds beduidende teoretiese verskille tussen eksponente van die fokalisasieteorie.[1] Uit die literatuur wil dit voorkom asof daar twee groepe in die fokalisasiedebat bestaan, naamlik 'n "Genette-groep" en 'n "Bal-groep". Alhoewel die meeste narratoloë wat aan die debat deelneem krities teenoor sowel Genette as Bal staan, skaar elkeen hom fundamenteel by die een of die ander.

Die verskil tussen hierdie twee groepe lê dieper as 'n verskil oor 'n tipologie van fokalisasieverskynsels wat dikwels die debat oorheers (byvoorbeeld Edmiston 1989: 729). Daar bestaan diepliggende teoretiese verskille tussen Genette en Bal, veral ten opsigte van bepaalde basiese narratologiese konsepte (Bal 1983: 243–245; Fece 1990: 307; Genette 1986: 25–32; Nelles 1990: 372–377). Hierdie verskille ten opsigte van die narratologie het wesenlike verskille in die onderskeie fokalisasieteorieë tot gevolg. Die oogmerk met hierdie artikel is om bogenoemde kontroversie aan die orde te stel. 'n Poging tot 'n eie narratologiese konseptualisering van fokalisasie sal ook op die tafel geplaas word.

## 2 Genette versus Bal

In hierdie afdeling word die fokalisasieteorieë van Genette en Bal aan die orde gestel met besondere aandag aan die fundering van elkeen se fokalisasieteorie.

Genette se fokalisasieteorie moet binne die breë raamwerk van die Strukturalisme en meer bepaald die Franse Strukturalisme geplaas word. Hy

onderskei drie gebruike van die term "narrative" en gebruik hierdie onderskeiding om 'n teoretiese basis vir sy narratologie te vorm (Genette 1986: 25–27). Die drie narratologiese aspekte wat Genette onderskei is die nou reeds oorbekende "story", "narrative" en "narrating" (Genette 1986: 27). Hierdie drie terme kan in Afrikaans vertaal word met storie, diskoers/teks en vertelling.[2] Dit is van belang om daarop te let dat hierdie nie 'n onderskeiding van drie vlakke in die narratief is soos by Bal en verskeie ander narratoloë nie (Bal 1986: 15). In teenstelling met Bal onderskei Genette drie *aspekte* van die "narrative reality" (Genette 1986: 27; 1988: 13–15). Genette stel hom dit ten doel om 'n oneindige aantal narratiewe tekste aan die hand van die relasies tussen die drie aspekte te beskryf. Die storie in Genette se narratologie behels die inhoud van die diskoers wat die verteller geproduseer het. Dit is min of meer gelykstaande aan die fabula van die Russiese Formaliste en die geskiedenis van Bal. Die diskoers is die "signifier, statement, discourse or narrative text itself" (Genette 1986: 27). Dit stem min of meer ooreen met die *sjuzet* van die Russiese Formaliste en die teks by Bal. Die aspek van vertelling by Genette behels die "producing narrative action" (Genette 1986: 27). Vertelling is dus die proses waardeur die verteller 'n narratiewe diskoers produseer en nie 'n vlak in die teks nie (Genette 1988: 15). Dit is belangrik om in hierdie verband te let op die feit dat Genette die aspek van vertelling as bemiddelende handeling postuleer (Genette 1988: 15), maar geen ooreenstemmende aspek van waarneming aandui nie. Daar is gevolglik 'n teoretiese dissimmetrie in sy narratologie. Alhoewel Bal aan die aspek van vertelling aandag gee, bestaan daar vir haar vlak van "verhaal" geen ooreenstemmende aspek in Genette se narratologie nie. Dit is duidelik dat daar ten opsigte van hierdie basiese konseptualisering van die narratologie 'n indringende verskil tussen Genette en Bal bestaan.

'n Tweede punt van belang in Genette se narratologie is dat hy sy fokalisasieteorie sien as 'n verfyning van die "point-of-view" teorie (Genette 1986: 185–187). Hy wil geen nuwe narratiewe instansies identifiseer of nuwe teoretiese konsepte daarstel nie. Hy wil slegs fyner, bruikbaarder teoretiese onderskeidings invoer om die "point-of-view" teorie te verbeter (Genette 1988: 65–66). Die gevolg hiervan is dat Genette nooit 'n narratiewe instansie naas die verteller, naamlik 'n fokalisator, onderskei nie (Nelles 1990: 366–367). Fokalisasie bly vir hom 'n funksie van die teks/verteller. Hy identifiseer ook nie 'n objek van fokalisasie nie, omdat dit die teks is wat gefokaliseer word en nie die karakters nie (Genette 1988: 72–73).

Indien aanvaar word dat Genette se fokalisasieteorie 'n poging tot 'n verfyning van die "point-of-view" teorie is, het dit 'n belangrike implikasie vir sy teorie en vir hierdie artikel, naamlik dat fokalisasie 'n funksie van die verteller is. Vir Genette is fokalisasie 'n nuttige teoretiese konsep om die verskil ten opsigte van kennis tussen die verteller en die karakters te beskryf (Edmiston 1989: 729, Genette 1988: 74). Fokalisasie is 'n konsep wat die relasie aandui tussen hoeveel die verteller weet en hoeveel die karakters in die storie weet. Dit dui ook die toegang aan wat die verteller tot die bewussyn van 'n karakter het. Genette het dus met sy fokalisasieteorie meer die patroon

van die regulasie van inligting in die hele vertelteks in die oog as 'n bepaalde segment van die vertelteks (Berendsen 1984: 141).

As samevatting word gewys op die belangrike feit dat fokalisasie by Genette 'n funksie van die verteller is. In die bespreking wat volg, word hierdie punt teenoor dié van Bal beklemtoon en word dit as 'n uitgangspunt vir verdere argumentvoering benut. Dit wil ook voorkom asof Genette se tipologiese onderskeidings verdag is (Bal 1983: 240–242; Edmiston 1989) as gevolg van bepaalde teoretiese onjuisthede in sy narratologie.

Die fokalisasieteorie van Bal kan ook binne die raamwerk van die Strukturalisme en meer bepaald die Franse Strukturalisme geplaas word. Bal se teorie word ook sterk deur semiotiese en kommunikasieteorieë beïnvloed (Bal 1977–78: 529–532).

Soos Genette, fundeer Bal ook haar fokalisasieteorie in 'n narratologie waarin sy 'n drieledige onderskeiding maak (vergelyk Bal 1977–78: 529–530; 1983: 244–245; 1986: 15). Bal onderskei egter nie soos Genette drie aspekte van die vertelsituasie nie, maar drie "vlakke" in die vertelteks (Bal 1986: 15). Hierdie drie vlakke noem sy "tekst", "verhaal" en "geschiedenis" (Bal 1986: 13–15). By Bal is die "tekst" die produk van die aktiwiteit van die verteller, met ander woorde iets soortgelyks aan die diskoers van Genette. Die "geschiedenis" is by Bal "een serie logisch en chronologisch aan elkaar verbonden gebeurtenissen" (Bal 1986: 13). Soos reeds genoem is dit analoog aan Genette se "story". Daar is ook reeds gewys op die feit dat Bal se "verhaal" geen ooreenkoms toon met enige onderskeiding wat Genette tref nie. Dit wil voorkom asof die twee teoretici se paaie op hierdie punt uiteenloop.

Bal se drie vlakke is hiërargies omdat die een op die ander volg (Bal 1983: 244; Berendsen 1984: 140; Van Buuren 1979: 461).[3] Die geskiedenis is die eerste vlak en dit word deur die karakters geproduseer (Bal 1983: 244). Hierdie geskiedenis word dan deur die fokalisator in 'n verhaal omskep. Die verhaal by Bal is 'n "op een bepaalde wijze gepresenteerde geschiedenis" (Bal 1986: 13). Die verhaal is die verwerking van die geskiedenis, met ander woorde, die *sjuzet* van die Russiese Formaliste. Alhoewel die presiese teoretiese detail van Bal in hierdie verband nie aanvaar kan word nie, het sy met haar teoretiese onderskeiding van die verhaal en die wyse waarop sy fokalisasie daarmee in verband bring, die teoretiese moontlikheid geopen vir 'n betekenisvolle skuif in die fokalisasieteorie.[4] Die verhaal word op sy beurt weer deur die verteller deur middel van woorde tot 'n vertelteks omvorm (Bal 1983: 244).

Omdat Bal se narratologie van dié van Genette verskil, is Bal se fokalisasieteorie ook radikaal verskillend van dié van Genette (Bal 1983). Bal brei die teorie uit, nie net om die relasie van kennis tussen die verteller en die karakters te beskryf nie, maar om die totale waarneming en interpretasieproses van die verteller (Bal 1983: 250). Sy definieer fokalisasie as volg: ". . . let's take focalization in the broad sense that, provisionally and for lack of anything better, I refer to as 'centre of interest'" (Bal 1983: 149). Sy som dit net 'n entjie verder ook op as "orientation" (Bal 1983: 149). Aan hierdie belangesentrum ken sy dan die volgende funksies toe: "selection", "vision",

"presentation" (Bal 1983: 149). Sy postuleer met haar fokalisasieteorie die fokalisator as 'n narratologiese instansie waardeur die totale geskiedenis gefilter/bewerk/gestruktureer word voor dit vertel word. Dit is duidelik iets totaal anders as wat Genette met fokalisasie bedoel het, alhoewel dit, volgens Bal, 'n logiese uitvloeisel uit die fokalisasieteorie van Genette is (Bal 1983: 240–242).

Dit wil egter voorkom asof Bal self nie die implikasies hiervan verder uitgewerk het nie. Veral wanneer sy self analises van tekste doen, opereer sy steeds hoofsaaklik met Genette se konsep van fokalisasie as "... a restriction imposed on the information provided by a narrator about his characters" en "... degree of access to the psychology of the characters" (Edmiston 1989: 729, Bal 1988: 248–249). Verder benut sy hoofsaaklik haar eie tipologiese verbeterings op sy teorie (Bal 1977–78: 537–545; 1983: 251–263). Sy beperk die benutting van haar eie teorie hoofsaaklik tot die visuele daarvan. Die gevolg hiervan is dat Bal se analises van fokalisasieverskynsels dikwels tot 'n tabulering van karakterwaarneming in die teks vervlak (Bal 1983: 253–263). Dit dra weinig by tot 'n produktiewe teksanalise en betekenisontginning.

Die winspunt in haar teorie, naamlik dat fokalisasie 'n teoretiese konsep is waarmee kernaspekte van 'n verteltеks teoreties beskryf kan word en waarmee betekenis ontgin kan word, moet dus verder uitgewerk word. In die volgende afdeling sal probeer word om die implikasies van Bal se teorie verder uit te werk.

Bal se kritici is dit eens dat die fokalisator in haar teorie 'n narratologiese instansie naas die verteller is (alhoewel sy dit ontken) (Bal 1979: 473–474; Bronzwaer 1979: 449–452, Nelles 1990: 366). Die probleem hiermee is dat hierdie fokalisator hiërargies op 'n meer fundamentele vlak as die verteller is en die funksies van die implisiete outeur oorneem (Bronzwaer 1979; Nelles 1990: 373). Die verteller kan net vertel wat die fokalisator (as die verhaal) aan hom bied. Die verteller is in hierdie teorie epistemologies ondergeskik aan die fokalisator. Die teoretiese implikasie hiervan is dat die verteller nie meer die sentrum van bemiddeling in die verteltеks is nie. Hierdie funksie word in Bal se teorie deur die fokalisator vervul. Nelles (1990: 367) wys verder daarop dat hierdie onderskeiding, sowel as Bal se poging om haar narratologie in 'n kommunikasieteorie te fundeer, lei tot die onhoudbaarheid van 'n "spektator" wat sy postuleer as die ontvanger van die fokalisator se kommunikasie. Dit is teoreties onhoudbaar aangesien die fokalisator se funksie per definisie reeds waarneming is (Van Buuren 1979: 463). Die fokalisator is juis 'n "spektator". Hierdie teoretiese dwang maak Bal se teorie lomp.

Die belangrikste implikasie van Bal se teorie is dat dit die moontlikheid open om alle inligting op die diskoersvlak narratologies te verreken (Bal 1983: 250). Haar teorie maak dit moontlik om die seleksie en interpretasie van die inligting op die teksvlak sowel as die "visie" van die verteller as 'n narratologiese aangeleentheid te konseptualiseer. Hierdie belangrike punt sal in Afdeling 3 verder toegelig word.

Dit is duidelik dat daar indringende verskille tussen Bal en Genette bestaan ten opsigte van sowel die metateorie as die teorie van fokalisasie. Die doel van hierdie artikel is egter nie om te fokus op die verskille nie, maar om die

winspunte van beide teorieë verder uit te bou. In 'n eie konseptualisering van die fokalisasieteorie sal daar by twee belangrike winspunte in Genette en Bal se teorieë aangesluit word. Genette se konsekwente handhawing van die feit dat fokalisasie 'n funksie van die verteller is en die noue band tussen vertelling en fokalisasie word as die eerste uitgangspunt geneem. Aan die ander kant word Bal se verbreding van die konsep van fokalisasie aanvaar, narratologies begrond en teoreties verder uitgewerk.


## 3 'n Eie konseptualisering van die fokalisasieteorie

Hierdie afdeling behels 'n poging tot 'n eie narratologiese konseptualisering van die fokalisasieteorie. Hierdie konseptualisering staan in die tradisie van die Strukturalistiese narratologie (Bal 1986: 12). Die doel is om 'n teorie daar te stel waarmee fokalisasieverskynsels op die diskoersvlak van 'n teks bestudeer kan word (Genette 1986: 26–27). Daar word beoog om die teorie so op te stel dat die betekenisskepping van fokalisasieverskynsels van sowel die makro- as mikrodiskoers, met ander woorde, die geheel van die vertelteks sowel as sinne en sinsnedes (Berendsen 1984: 141), ontgin en beskryf kan word. 'n Poging word ook aangewend om die struktuur van die fokalisasieverskynsels (Bal se "verhaal") binne die teorie te verreken.

Twee konsepsies is van sentrale belang vir die voorgestelde teorie en word hier as hipoteses op die tafel geplaas. Die eerste een kan soos volg gestel word: Fokalisasie is 'n narratologiese konsep waarmee die waarneming/bewussyn van die verteller beskryf word en is dus per definisie 'n *funksie* van die verteller. Hierdie eerste hipotese gaan terug op die fokalisasiekonsep van Genette en verwerp Bal se skeiding van fokalisasie en vertelling sowel as haar postulering van 'n verdere instansie, naamlik die fokalisator (Nelles 1990: 367). Die implikasie hiervan is dat daar slegs een bemiddelende instansie in 'n vertelteks gekonseptualiseer word, naamlik die verteller. Die verteller het twee onderskeibare funksies, naamlik vertelling en waarneming/bewussyn wat weliswaar nie volledig skeibaar is nie. Hierdie hipotese sal hieronder verder uitgebrei word.

Die tweede hipotese kan soos volg gestel word: Fokalisasie is 'n narratologiese konsep wat *al* die *bewussynsfunksies van die verteller* van 'n vertelteks omvat. Hierdie tweede hipotese sluit nou aan by Bal se fokalisasieteorie met die voorbehoud van die implikasies van die eerste hipotese. Die implikasie van die tweede hipotese is dat die konsep van die implisiete outeur wat nie 'n suiwer narratologiese begrip is nie, met die konsep van fokalisasie vervang word.[5] Die implisiete outeur behou steeds sy literatuurteoretiese funksie as 'n konstruksie wat die leser maak om gestalte te gee aan sy konsep van die outeur in 'n bepaalde teks (Booth 1983: 70–71, Chatman 1986: 148–150). Die waarneming van die verteller wat tot die vertelling lei, word nou egter deur middel van fokalisasie narratologies gekonseptualiseer en verreken. Dit is 'n poging om dit wat teoreties implisiet in Bal se teorie is vir verdere bespreking op die tafel te plaas. Die implikasies van die tweede hipotese word ook hieronder verder uitgebrei.

**Figuur 1**




Die konseptualisering van 'n eie fokalisasieteorie sal aan die hand van Figuur 1 gedoen word. Figuur 1 is 'n grafiese voorstelling van 'n vertelsituasie soos dit teoreties in die narratologie gekonseptualiseer kan word. In hierdie konseptualisering word fokalisasie ten nouste met 'n globale narratologie verweef. Soos hierbo aangetoon is dit, onder andere, juis die posisie van fokalisasie binne die narratologie wat problematies is. In Figuur 1 word dit duidelik gemaak dat die narratologie wat aan hierdie artikel ten grondslag lê, binne 'n kommunikasieteorie tereg kom. Daar word 'n primêre kommunikasiesituasie gepostuleer waar die outeur as sender 'n teks (boodskap) aan 'n leser (ontvanger) stuur. As semiotiese referent van hierdie teks (en dus as konstruk van die leser) word 'n sekondêre kommunikasiesituasie gepostuleer wat analoog is aan die primêre kommunikasiesituasie. In die sekondêre kommunikasiesituasie word op tipies strukturalistiese wyse 'n verteller gepostuleer wat 'n diskoers produseer wat hy aan 'n luisteraar stuur. Hierdie diskoers staan in 'n semiotiese relasie tot die storie/geskiedenis omdat dit 'n bemiddelde weergawe daarvan is. Tussen die outeur, implisiete outeur en verteller bestaan daar ook 'n semiotiese relasie wat nie verder in hierdie artikel uitgebrei sal word nie (Booth 1983: 67–76, Chatman 1986: 147–152). Die geskiedenis word opgebou uit die vier bekende konstituente van die narratief, naamlik karakter, gebeure, tyd en ruimte. Die funksies van vertelling en fokalisasie sal hieronder bespreek word.

Die voorgestelde teorie berus op die aanname dat die vertelsituasie soos dit in narratiewe tekste neerslag vind, analoog is aan vertelsituasies in die

"werklikheid" (Genette 1988: 14–15; Stanzel 1987: 4). Alhoewel dit nie dikwels eksplisiet gestel word nie, is dit 'n veronderstelling by die meeste narratoloë (Bal 1986: 108; Genette 1986: 25–32). Wanneer daar dus van die bewussyn, waarneming, interpretasie en selfs stem van die verteller gepraat word, word dit in 'n analoë sin gedoen. Hierdie konsepte is almal teoreties van aard en word benut om 'n vertelsituasie uit die teks te rekonstrueer.

Die uitgangspunt van die voorgestelde teorie is dat bemiddeling ("mediacy", "Mittelbarkeit", Stanzel 1987: 4) 'n wesenlike kenmerk van enige vertelling is.[6] Hierdie uitgangspunt berus baie sterk op die werk van Stanzel (1987: 4–21). In Stanzel se narratiewe teorie word die verteller in die posisie van bemiddeling geplaas (Stanzel 1987: 4). In Figuur 1 (p. 376) word die verteller grafies tussen die vertelteks/diskoers en die geskiedenis/storie geplaas as aanduiding van sy teoretiese bemiddelingsposisie (Genette 1988: 15).

Soos hierbo genoem, maak Stanzel dit duidelik dat die bemiddelende funksie van die verteller analoog is aan die leser se werklikheidservaring (1987: 4). Hy postuleer dus die verteller in die verhaal as 'n instansie vergelykbaar met 'n persoon in die werklikheid wat 'n bepaalde "storie" waarneem en weer oorvertel. Dit open die moontlikheid om in die literêre teks meer funksies aan die verteller toe te ken as wat gewoonlik onder die konsepte van "stem" en "vertelling" verstaan word (Bal 1986: 126–151; Genette 1986: 212–262; Rimmon-Kenan 1983: 86–117).

Volgens Stanzel is die verteller die een

> who evaluates, who is sensitively aware, who observes. He symbolizes the epistemological view familiar to us since Kant that we do not apprehend the world in itself, but rather as it has passed through the medium of an observing mind.
>
> (1987: 4)

Hiermee bied Stanzel die teoretiese grond om die konsep van fokalisasie uit te brei om alle waarneming en bewussynsfunksies van die verteller in te sluit. Die teks/diskoers word, narratologies gesproke, deur die verteller geproduseer en nie deur die implisiete outeur nie. Die verteller is 'n narratologiese konsep, analoog aan 'n werklike verteller wat 'n geskiedenis/storie waarneem, interpreteer, selekteer wat hy wil vertel en dit dan vertel. Die literêre narratief se verteller sou dus alle of enige van hierdie funksies kon hê. In die literêre narratief word met hierdie funksies geëksperimenteer. Al hierdie moontlikhede word binne 'n narratologie verreken.

Stanzel onderskei twee funksies ten opsigte van sy teorie van "point-of-view", naamlik "a speaker of narrative words" en "the knower of the narrative story" (Stanzel 1987: 9). In teenstelling met Bal en in ooreenstemming met Genette is daar dus by Stanzel net een bemiddelende narratiewe instansie met twee funksies. In Figuur 1 word die twee funksies grafies aan die verteller gekoppel omdat dit teoreties sy funksies is. Die bemiddelings karakter van die twee funksies word ook grafies in die figuur aangedui.

Dit is veral die tweede funksie soos hy dit onderskei wat vir hierdie artikel van belang is. Hy verduidelik dit verder soos volg as hy Friedemann aanhaal:

> ... it is the narrator who, as "the one who evaluates, who is sensitively aware", conveys to us a picture of the world as he experiences it, not as it really is.
> (Stanzel 1987: 11)

Dit is duidelik dat dit die verteller is wat die waarneming en die vertelling doen, nie die implisiete outeur nie (Bronzwaer 1979; Nelles 1990: 373). In hierdie artikel word Bal se teorie uitgebrei en teoreties aangepas om die bewussynsfunksies van die verteller te verreken.

Die winspunt in Bal se teorie is dat sy die waarnemingsfunksie van die verteller narratologies verreken deur middel van haar konsep van fokalisasie. Soos aangetoon, skei sy fokalisasie teoreties te veel van die verteller. Dit word egter ondervang met die postulering van hipotese 1 hierbo. Bal (1983: 149) het reeds die funksies van die verteller aangedui as "selection", "vision" en "presentation" en dit opgesom as "centre of interest" en "orientation". Die nuanse in die fokalisasieteorie soos in hierdie artikel uiteengesit, sluit die tradisionele konsep van die "vision" van die verteller in, sowel as al die teoretiese en tipologiese onderskeidings wat daarmee saamgaan. Hierdie teorie brei egter die fokalisasieteorie na aanleiding van Stanzel se basiese onderskeidings en Bal se narratologiese fokalisasieteorie uit, om ook die seleksie en presentasie/strukturering as funksie van die verteller te verreken.

In die fokalisasieteorie wat in hierdie artikel voorgestel word, word Bal se "presentation" met "strukturering" vervang. Die term "presentation" kan moontlike verwarring skep met die vertelfunksie van die verteller. Die verteller het dus die fokalisasiefunksies van visie, seleksie en strukturering. Visie sluit die meeste van die tradisionele konsepte van fokalisasie van die "Genette-groep" sowel as die "Bal-groep" in. Seleksie dui op die verteller se keuse om bepaalde gebeure te vertel of nie te vertel nie (Marais 1989: 42–49). Strukturering as fokalisasiefunksie is van groot belang omdat dit 'n besonder nuttige instrument bied waarmee betekeniskepping in die verteltekst ontgin kan word (Marais 1989: 42–49). Fokalisasieverskynsels kan op verskeie wyses gestruktureer word. 'n Volledige uiteensetting van sodanige moontlikhede val egter buite die omvang van hierdie artikel.

Die winspunt van die konseptualisering van fokalisasie wat in hierdie artikel beredeneer word, is dat dit 'n teoretiese fundering bied vir die beskrywing van verskeie teksstrategieë wat tradisioneel ongenuanseerd aan die verteller toegeskryf is, byvoorbeeld seleksie en strukturering, terwyl die term verteller teoreties gereserveer is vir die vertelhandeling en die keuse van 'n stem. Binne die voorgestelde konseptualisering word fokalisasie dus verstaan as die bewussyn van die instansie wat die storie waarneem en dit in 'n verteltekst aan 'n luisteraar vertel.

Die middellaag wat Bal in haar narratologie postuleer, val heeltemal weg binne die voorgestelde teorie. Daar word bloot gepraat van die struktuur van fokalisasieverskynsels in 'n bepaalde verteltekst. 'n Spesifieke vlak in die teks om hierdie struktuur te akkommodeer lyk teoreties oorbodig. Daar sou dan byvoorbeeld ook 'n vlak vir die struktuur van vertellingsverskynsels, karakteriseringsverskynsels ensovoorts moes wees. Alhoewel fokalisasie weens sy bemiddelingsfunksie per definisie by alle aspekte van 'n narratiewe teks

betrokke is, is alles in die teks nie fokalisasie nie. Hierdie feit moet ook in die strukturering van 'n teorie eerbiedig word.

Dit is duidelik uit hierdie uiteensetting dat fokalisasie en vertelling baie nader aan mekaar is as in Bal se teorie. Daar moet toegegee word dat 'n waterdigte onderskeid tussen die twee funksies in alle gevalle nie moontlik is nie. Die relasie tussen denke en taal is egter in elk geval 'n epistemologiese turksvy.

Nog 'n belangrike implikasie van bogaande konseptualisering is dat die kategorie van "fokalisator" wegval. Daar word in alle gevalle bloot van die fokalisasiefunksie van die verteller gepraat. Dit word so gedoen om te ontkom aan die probleem in Bal se teorie waar die fokalisator 'n onafhanklike instansie naas die verteller word wat teoreties moeilik geakkommodeer kan word.

'n Verdere winspunt van hierdie konseptualisering is dat dit kriteria bied in terme waarvan fokalisasieverskynsels getipeer kan word. 'n Tipologie van fokalisasieverksynsels skyn in die meeste geskrifte oor fokalisasie 'n probleem te wees (Edmiston 1989; Nelles 1990). Hierdie teorie maak voorsiening daarvoor dat die fokalisasiefunksie van die verteller in terme van enige element van die fiksionele werklikheid gedefinieer kan word, naamlik karakter, gebeure, tyd en ruimte. Hierdie teorie maak dit ook moontlik om fokalisasieverskynsels nie as eksakte punte te tipeer nie, maar as realiserings van moontlikhede op 'n kontinuum. Gevalle waar die verteller self die fokalisasiefunksie verrig, kan as een uiterste op 'n kontinuum gesien word en waar die karakter die fokalisasiefunksie verrig, kan as die ander uiterste gesien word. Tussenin kan verskeie moontlikhede gerealiseer word.

Dit is nie die doel om met hierdie artikel 'n volledige tipologie van fokalisasieverskynsels op te stel nie. Dit is egter ter illustrasie belangrik om enkele van die mees algemene tipologiese veralgemenings aan die orde te stel. Die eerste tipologie behels die onderskeid tussen interne en eksterne fokalisasie. In terme van bogaande teorie kan interne fokalisasie gedefinieer word as fokalisasie vanuit 'n bewussyn wat deel is van die karakters en/of gebeure en/of tyd en/of ruimte van die fiksionele werklikheid/storie wat gefokaliseer word. Eksterne fokalisasie is dus fokalisasie vanuit 'n bewussyn wat nie deel is van so 'n fiksionele werklikheid nie.

Die onderskeid tussen innerlike en uiterlike fokalisasie kan ook aangetoon word. Innerlike fokalisasie is dus fokalisasie vanuit 'n bepaalde bewussyn (hetsy dié van die verteller of 'n karakter) "in" die bewussyn van een van die karakters in die fiksionele werklikheid. Uiterlike fokalisasie is dus fokalisasie vanuit 'n bepaalde bewussyn op 'n karakter in die fiksionele werklikheid. Eersgenoemde is dus fokalisasie "in" die bewussynsprosesse van 'n karakter en het onbeperkte kennis tot gevolg. Uiterlike fokalisasie is waarneming soos wat 'n "gewone" bewussyn 'n ander bewussyn waarneem, met ander woorde, hy moet uiterlike tekens waarneem en interpreteer ten opsigte van die implikasie daarvan vir die bewussyn van die karakter. Fokalisasie sou ook as saam met 'n karakter gedefinieer kan word. Op dieselfde wyse sou fokalisasie ten opsigte van tyd, ruimte en gebeure gedefinieer kon word.

Op grond van die bogaande verduidelikings en Figuur 1, kan die fokalisasieverskynsels in 'n vertelteks deur die volgende konstruksies geïdentifiseer word:

Die VERTELLER sê (VERTELLER-funksie [V]) dat hy sien (FOKALISASIE-funksie [F]) dat 'n KARAKTER 'n GEBEURE binne 'n bepaalde RUIMTE en TYD doen.

Dit kan gemaklikheidshalwe verkort word na:

> V sê dat F sien dat ....[6]

V en F kan natuurlik in sommige gevalle dieselfde instansie, hetsy karakter of verteller, wees. Die bogaande kan uitgebrei word om teoreties vir 'n oneindige aantal vertellings en fokalisasies voorsiening te maak:

> V sê dat ($V_{1\text{-}n}$ sê dat) F sien dat ($F_{1\text{-}n}$ sien) dat ....

Die volgende voorbeeld dien as 'n illustrasie van die bogenoemde:

> Maar Jona was hieroor erg ontstemd en hy het kwaad geword.
>
> (Jona 4:1)

Die verteller verrig in hierdie geval die vertelfunksie sowel as die fokalisasiefunksie, met ander woorde, die verteller vertel die gebeure soos hy dit deur sy eie bewussyn waargeneem het. Fokalisasie word binne die voorgestelde teorie altyd gesien as fokalisasie vanuit die bewussyn van die een of ander instansie, hetsy die verteller of 'n karakter. Die sin kan teoreties soos volg gerekonstrueer word:

> Die verteller sê dat hy [die verteller] sien dat Jona hieroor erg ontsteld was en ....

Hierdie wyse van fokalisasie word dikwels kortweg vertellerfokalisasie genoem in kontras met karakterfokalisasie waar die verteller die gebeure vanuit die bewussyn/waarneming van 'n karakter vertel. Die verteller neem binne in die bewussyn van Jona waar, met ander woorde dit is innerlike fokalisasie. Hierdie innerlike fokalisasie kontrasteer in die Jona-verhaal met gevalle van uiterlike fokalisasie waar die objek "van buite", sonder bevoorregte, alwetende insig waargeneem word. Met hierdie voorbeeld is die drie funksies van fokalisasie soos hierbo uiteengesit, naamlik visie, seleksie en strukturering, ook geïllustreer. Die visie het te doen met die keuse van 'n bewussyn van waaruit die verhaal vertel word. Die seleksie het te doen met die verteller se keuse om byvoorbeeld in die geval van Jona, te vertel dat Jona kwaad geword het. Soos hierbo genoem, is die funksie van seleksie in die verlede dikwels teoreties ongenuanseerd aan die verteller gekoppel. In die voorgestelde teorie word dit egter narratologies verantwoord. Die strukturering het te doen met die feit dat innerlike en uiterlike fokalisasie byvoorbeeld in die Jona-verhaal gekontrasteer word met interessante betekeniseffekte (Marais 1989: 124–161). Die struktuur het 'n patroonmatigheid of skema in die

verteltеks tot gevolg wat deur koverte of overte tekens daargestel word. Hiermee word fokalisasie van insidentele karakterwaarneming onderskei.

Dit is belangrik om daarop te wys dat elke vertelsituasie op hierdie wyse gerekonstrueer kan word. Alhoewel daar nie in elke geval in die diskoers aanduidings van die verteller is nie, word dit in alle gevalle gepostuleer. In die voorgestelde teorie word egter nie net met die strukturalistiese postulasie van teoretiese konsepte gewerk nie, maar word elke woord van die diskoers in berekening gebring. Die seleksie van woorde deur die verteller is 'n aanduiding van die fokalisasieproses wat reeds plaasgevind het. Elke woord van die diskoers impliseer dus 'n voorafgaande fokalisasiefunksie en is die produk daarvan. Op hierdie wyse word fokalisasie, soos hierbo gekonseptualiseer, 'n strategie waarmee verhalende tekste beskryf kan word.

## 4 Samevatting

In hierdie artikel is probeer om 'n sintese tussen die fokalisasieteorieë van Genette en Bal te bewerkstellig deur dit in 'n narratologie te inkorporeer wat op 'n basiese insig van Stanzel geskoei is. Dit word as 'n voorstel op die tafel geplaas in 'n poging om die tekortkominge in die teorieë van Genette en Bal te ondervang.

Die sukses van die voorgestelde teorie hang natuurlik af van die sukses waarmee dit op verhalende tekste toegepas kan word. Sodanige analises sal in detail uitgewerk moet word, maar die aanduidings van vrugbare resultate bestaan reeds (Marais 1989). Hierdie voorlopige resultate met die voorgestelde fokalisasieteorie nog in 'n meer embrionale vorm as in hierdie artikel, sal egter deur die breër literatuurteoretiese gemeenskap getoets moet word.

## Aantekeninge

1. Die debat rondom die konsep van fokalisasie het aan die einde van die sewentigerjare 'n hoogtepunt bereik en daarna effens afgeplat. Daar word egter steeds indringende wetenskaplike besprekings oor die onderwerp gevoer. Voorbeelde hiervan is die volgende: Bal (1977–78, 1979, 1983, 1986); Berendsen (1984); Bronzwaer (1979); Chatman (1986); Dembinski (1979); Edmiston (1989); Genette (1986, 1988); Nelles (1990); Van Buuren (1979).
2. Hierdie terme skep heelwat verwarring in hulle vertaling sowel as hulle gebruik. Die term "narratief" sal in hierdie artikel uitsluitlik in 'n tegniese sin gebruik word ten opsigte van die narratologie, byvoorbeeld "'n narratiewe analise". Die term "verhaal" skep ook probleme omdat dit binne Bal se teorie 'n tegniese term is en in die Afrikaans algemeen gebruik word om 'n teks wat 'n storie vertel mee aan te dui. Laasgenoemde word in die artikel as verteltеks aangedui. Die term "teks" is self problematies en dui somtyds die outeursteks aan en by ander tye die verteltеks as produk van die leeshandeling waarvoor dit in hierdie artikel gebruik word. Genette (1988: 13–15) is maar een voorbeeld om die punt mee te illustreer.
3. Bal maak melding (1977–78: 530–531) van 'n genetiese benadering waar hipoteties van die geskiedenis na die konstruksie van die teks gewerk word, en 'n semiotiese benadering waar hipoteties van die teks na die geskiedenis gewerk word. Vir die doel van hierdie artikel word aanvaar dat die konsepte waarmee daar in die narratologie gewerk word konstrukte is waarmee die referent van die outeursteks beskryf word (Genette 1988: 15).

4. Bronzwaer (1979) en Nelles (1990) het veral die aandag gevestig op die feit dat die konsep van fokalisasie by Bal die funksie van die implisiete outeur oorneem. In hierdie artikel word dit juis as 'n moontlikheid ontwikkel.
5. Die nosies word aan Bal (1986: 110–120) ontleen.
6. Alhoewel Stanzel binne 'n ander teoretiese raamwerk as Genette en Bal werk, is sy identifisering van die funksies van die verteller so fundamenteel dat dit binne die narratologieë van Genette en Bal benut kan word.

## Verwysings


Bal, M.

1977 Strukturalistische verhaalanalyse. *Forum der Letteren* 18: 104–119.

1977–78 Over narratologie, narrativiteit en narratieve tekens. *Spektator* 7: 528–549.

1979 Over lachende muizen en naïve zieners. *Forum der Letteren* 20: 471–476.

1981 Notes on Narrative Embedding. *Poetics Today* 2(2): 41–49.

1983 The Narrating and the Focalyzing: A Theory of Agents in the Narrative. *Style* 17(2): 21–55.

1985 *Narratology. Introduction to the Theory of Narrative.* Toronto: University of Toronto Press.

1986 *De theorie van vertellen en verhalen.* Muiderberg: Dick Coutinho.

1988 *Death and Dissymmetry: The Poetics of Coherence in the Book of Judges.* Chicago: University of Chicago Press.

Berendsen, M.

1984 The Teller and the Observer. Narration and Focalization in Narrative Texts. *Style* 18(2): 140–158.

Brink, A.P.

1987 *Vertelkunde.* Kaapstad: Academica.

Bronzwaer, W.J.M.

1979 Focaliseren of vertellen. *Forum der Letteren* 20: 449–458.

Chatman, S.

1986 *Story and Discourse.* London: Cornell University Press.

1986a Characters and Narrators. Filter, Center, Slant and Interest-focus. *Poetics Today* 7(2): 189–204.

Dembinski, J.

1979 Narratologie. Tekstbeschrijving zonder criteria. *Spektator* 9(3): 208–221.

Edmiston, W.F.

1989 Focalization and the First-person Narrator: A Revision of the Theory. *Poetics Today* 10(4): 728–744.

Fece, J.L.

1990 Focalization and Point of View in Fiction Film. *Semiotica* 81(3/4): 305–314.

Genette, G.

1986 *Narrative Discourse.* London: Blackwell.

1988 *Narrative Discourse Revisited.* Ithaca: Cornell University Press.

Lanser, S.S.

1981 *The Narrative Act.* Point of View in Prose Fiction. Princeton: University Press.

Lotman, J.
1975 Point of View in a Text. *New Literary History* 6(2): 339–352.

Marais, J.
1989 Fokalisasie in Ou-Testamentiese narratiewe: 'n Narratologiese ondersoek. Bloemfontein: UOVS.

Nelles, W.
1990 Getting Focalization into Focus. *Poetics Today* 11(2): 365–382.

Rimmon-Kenan, S.
1983 Narrative Fiction. *Contemporary Poetics*. London: Methuen.

Stanzel, F.
1987 *A Theory of Narrative*. Cambridge: Cambridge University Press.

Uspensky, B.
1973 *A Poetics of Composition*. Berkeley: University of California Press.

Van Buuren, M.B.
1979 Focalisatie. *Forum der Letteren* 20(4): 459–470

Van Luxemburg, J., Bal, M. & Wetsteijn, W.G.
1985 *Inleiding in de literatuurwetenschap*. Muiderberg: Dick Coutinho.